# Lesing 13.02.2018 - Die geheim van menswees DEEL 8

Die weg van ontwikkeling op die aarde - B.D. 7800 -

Toe die aarde geskape was, kon tallose geestelike substansies hulself in haar skeppingswerke beliggaam, en het hulle in hulle ontwikkeling langsaam omhoog gestyg. Want die skeppings beantwoord aan die weerspannigheid wat in die geeste, nog ongebroke, maar verskillend in sterkte was. Die skeppingswerke bestaan min of meer uit harde materie, want ook die aarde het haarself langsaam ontwikkel tot die skeppingswerk wat eenmaal mense sal herberg, naamlik die geeste wat die weg van ontwikkeling reeds so ver afgelê het, dat alle substansies van `n eens gevalle oergees homself weer sal versamel, en wat weer die "ek-bewussyn" en die vrye wil terug ontvang het.

Maar voordat die geeste in hierdie stadium kon binnegaan, moes eindelose tye verloop, want die aarde het hierdie tye nodig gehad om al die skeppings voort te bring, wat die gevalle geeste nodig gehad het vir `n opwaartse ontwikkeling. En daarom moet die mens weet dat hy al eindelose tye op hierdie aarde vertoef het en dat die stadium as mens die beëindiging is van `n ontwikkelingsweg wat sy vrye wil nou kan afsluit.

En hy moet ook weet dat hierdie eindelose lang weg eenmaal terugblikkend aan hom getoon sal word, maar dat hierdie herinnering aan vroeër, van hom as mens weggeneem moes word, omdat dit oor sy vrywillige terugkeer tot Elohim gaan, wat hy nou as mens moet voltooi. Beskou hy egter die tallose wondere van Elohim se skepping om homself heen, dan moet hy ook daaroor nadink welke doel dit te vervul het. En dit sal aan hom in sy hart verduidelik word en hy sal iets vermoed, as die algehele kennis daaroor nog nie vir hom ontsluit is nie.

Hy moet probeer om die Wese van die Skepper te deurgrond, dit wil sê, oor sy verhouding tot Hom opheldering verlang. En hierdie opheldering sal hom ook gegee word, omdat dit in die aardse lewe daaroor gaan dat die mens die verbinding met Elohim, wat hy eens vrywillig opgegee het, weer herstel. Want dit was die "val" van die geeste, wat hulleself opsetlik van Elohim losgemaak het.

Daarom moet hulle nou as mens, in die laaste stadium van hulle weg terug tot Elohim, vrywillig weer die verbinding met Hom herstel om die doel van hulle aardse bestaan te vervul.

Dat die skepping vir die grootste deel daartoe bygedra het om die gevalle wesens weer terug te bring, sal julle mense eers kan begryp wanneer julle hierdie terugkeer volbring het. Want nooit sou dit vir julle moontlik gewees het om weer hoër op te kom, indien die Goddelike Skepper julle nie aan die mag van Sy teenstander, wat julle val na die diepte veroorsaak het, ontwring het nie; as Hy julle nie van sy invloed onttrek het gedurende die eindelose lang tyd, waarin julle as die kleinste sieledeeltjies ingelyf was in die skeppingswerke nie. Gedurende hierdie tyd het Sy teenstander geen invloed op julle gehad nie, maar tog behoort julle nog tot hom, omdat julle hom eens vrywillig gevolg het na die diepte. Maar omdat julle as gevolg van julle afvalligheid van Elohim, heeltemal sonder lig en krag was, sou die weg terug tot Elohim vir julle onmoontlik gewees het. Daarom het Elohim Self hierdie weg terug, deur al Sy skeppingswerke vir julle geskape, wat in onoortrefbare wysheid en eindelose liefde so gevorm was, dat dit die geeste die moontlikheid bied om op die een of ander wyse te dien. En deur te dien, kon julle julleself tot `n steeds hoër geestelike rypheid ontwikkel.

Die geestelike deeltjies wat aan die gevalle oergees behoort het, versamel hulself weer en tree nou, in `n sekere rypheid, hulle laaste vorm binne. En hulle mag nou, as mens, `n kort tydjie oor die aarde gaan en moet weer in vrye wil en uit liefde dien. Want dit is die aardse lewensdoel van elke siel wat in die mens beliggaam is, dat sy haarself deur `n diening in liefde van alle vorme kan verlos. Dat sy dus as die vrye gees, wat sy in die begin was, weer kan ingaan in die geestelike Ryk, wanneer haar lewe op aarde ten einde geloop het.

Maar sy kan hierdie vergeesteliking nie deur eie krag bewerkstellig nie, want die oersonde van vroeër belas haar en druk haar steeds weer neer, dit wil sê, Elohim se teenstander het tydens die aardse lewe weer die reg om sy invloed uit te oefen, omdat die geeste hom eertyds vrywillig gevolg het.

En die gevalle oergees, die mens, sou ook weer onder sy invloed beswyk het, as `n betroubare hulp nie vir hom aangebied was nie, naamlik die verlossing deur JaHshua die Messias; in Wie Elohim Homself beliggaam het om vir al die gevallenes die sondeskuld te delg deur Sy offerdood aan die kruis.

Die volle verlossing en vergewing van sy skuld deur hierdie hulp van JaHshua die Messias, is vir hom verseker, maar slegs as hy dit self wil en as hy JaHshua, die Messias en Sy werk van verlossing aanvaar en JaHshua as Elohim Self erken – aan Hom, Wie die oergeeste eertyds hulle erkenning geweier het.

Daarmee is aan julle mense `n kort verklaring gegee oor die oorsaak en betekenis van die verlossingswerk wat julle moet weet om die doel van julle aardse lewe te vervul, om die Goddelike heilsplan te leer begryp wat altyd en alleen die terugvoer van die geeste ten doel het. En die doel word ook in Liefde en Wysheid verwesenlik, omdat aan Hom alle mag ter beskikking staan om die doel te bereik wat Hy Hom by die skepping van die geestelike wesens gestel het.